Die groot storie van die Bybel



Domus Dei
Randburg-Suid

Kategese

Les 1

Lys van benodighede

1. Emoji kaartjies
2. Gebedshand
3. Groot storie van die Bybel kaarte
4. Groot storie werkkaart.

Die groot storie van die Bybel

1. Kies 'n emoji om vir ons te wys hoe jou week was en vertel vir ons hoekom jy dit gekies het.

2. Gebruik die 5 vingers gebed en gee vir verskillende kinders 'n ander deel van die gebed om te doen.

3. Vertel vir die kinders die groot storie van die Bybel bl1 met behulp van die Groot storie kaarte. Laat hulle hul Bybelstorie kaarte oplig en so die storie wat jy vertel volg.

4. As daar tyd is, speel stomstreke. Laat die kinders 'n prentjie uit die Groot storie kies en uitbeeld.

5. By die huis die week gaan julle die groot storie tot dusver teken in die werkkaart. Wys die werkkaart vir die groep.

6. Deel vandag se geloofswaarheid:
My storie is deel van God se groot storie.

Les 2

Lys van benodighede

1. Emoji kaartjies
2. Gebedshand
3. Groot storie van die Bybel kaarte
4. Groot storie werkkaart.

Die groot storie van die Bybel

1. Kies 'n emoji om vir ons te wys hoe jou week was en vertel vir ons hoekom jy dit gekies het.

2. Gebruik die 5 vingers gebed en gee vir verskillende kinders 'n ander deel van die gebed om te doen.

3. Vertel vir die kinders die groot storie van die Bybel bl 1en 2 met behulp van die Groot storie kaarte. Laat hulle dit volg met hul eie kaarte.



4. Laat die kinders hul kaarte skommel en dit dan in die regte volgorde pak.

5. By die huis die week gaan julle die groot storie bl 2 teken in die werkkaart. Wys die werkkaart vir die groep.

6. Deel vandag se geloofswaarheid:
My storie is deel van God se groot storie.

Les 3

Lys van benodighede

1. Omgee gesprek kaartjies.
2. Gebedshand.
3. Groot storie van die Bybel kaartjie.
4. Bybel biblioteek sakkie.
5. Klei

Vandag se geloofswaarheid is: Ek is gemaak om soos God te lyk!

Die skepping en Sondeval

1. Kies 'n omgee gesprek kaartjie en laat almal dit antwoord.

2. Laat elkeen 'n gebedstokkie kies uit hul kategese boks en bid vir dit wat daarop staan.

3. Haal die Boom prentjie uit en sê dat ons vandag uit die eerste boek in die Bybel gaan lees nl. Genesis. Laat almal in hul Bybels daarnatoe blaai. Plak die eerste Bybel boek naam agter op die Boom prentjie.

4. Lees die ONTHOU-VERS vir vandag Gen 1:27

5. Laat almal 'n stukkie klei uit hul geloof - by -die -huis boks uithaal. Elkeen sê van wat hulle 'n beeld wil maak. Terwyl almal hul beelde vorm, verduidelik dat God ons uit die stof gemaak het om soos Hom te lyk .Dit beteken byvoorbeeld as God vol liefde is, is ons ook gemaak om vol liefde te wees!

6. Deel die geloofswaarheid van vandag en sluit af met gebed.

Les 4

Lys van benodighede

1. Omgee gesprek kaartjies.
2. Gebedshand.
3. Groot storie van die Bybel kaartjie.
4. Bybelboek naam

Vandag se geloofswaarheid is: Ons kan God vertrou

Die verbond met Abraham

1. Kies 'n emoji om vir ons te wys hoe jou week was en vertel vir ons hoekom jy dit gekies het.

2. Laat elkeen 'n gebedstokkie kies uit hul kategese boks en bid vir dit wat daarop staan.

3. Haal die Abraham prentjie uit en sê dat ons vandag weer uit die eerste boek in die Bybel gaan lees nl. Genesis. Plak die boek agter op die kaartjie. Laat almal in hul Bybels daarnatoe blaai.

4. Lees die ONTHOU-VERS vandag Gen 12:1-3

5. Sê vir almal dat hulle hulle oë moet blinddoek. Speel dan 'Simon says' terwyl almal geblinddoek is. Praat dan hoe belangrik vertroue is as jy nie self kan sien wat jy doen nie. Praat oor hoe baie Abraham God moes vertrou het om sommer al sy goed te op te pak en te trek.

6. Deel die geloofswaarheid van vandag en sluit af met gebed.

Les 5

Lys van benodighede

1. Omgee gesprek kaartjies.
2. Gebedshand.
3. Groot storie van die Bybel kaartjie.
4. Bybelboek naam
5. Moses storie kaarte

Vandag se geloofswaarheid is: God red vandag nog mense.

Uittog uit Egipte uit

1. Kies 'n emoji om vir ons te wys hoe jou week was en vertel vir ons hoekom jy dit gekies het.

2. Gebruik die 5 vingers gebed en gee vir verskillende kinders 'n ander deel van die gebed om te doen.

3. Haal die rooisee prentjie uit en sê dat ons vandag uit die tweede boek in die Bybel gaan lees nl Eksodus. Plak die boeknaam agter op die kaartjie. Laat almal in hul Bybels daarnatoe blaai.

4. Ons ONTHOU-VERS vandag is Eks 15:2

5. Plak saam as groep die storie kaarte in die regte volgorde terwyl jy vir die kinders die storie van Moses vertel. Vra vir die kinders wat vir hulle die beste deel van die storie is.

6. Deel die geloofswaarheid van vandag en sluit af met gebed.

Les 6

Lys van benodighede

1. Omgee gesprek kaartjies.
2. Gebedshand.
3. Groot storie van die Bybel kaartjie.
4. Bybelboek naam

Vandag se geloofswaarheid is: Wees lief vir God.

Die wet

1. Kies 'n emoji om vir ons te wys hoe jou week was en vertel vir ons hoekom jy dit gekies het.

2. Gebruik die 5 vingers gebed en gee vir verskillende kinders 'n ander deel van die gebed om te doen.

3. Haal die berg prentjie uit en sê dat ons vandag weer uit die tweede boek in die Bybel gaan lees nl Eksodus. Plak die boeknaam agter op die kaartjie. Laat almal in hul Bybels daarnatoe blaai.

4. Ons ONTHOU-VERS vandag is Eks 20

5. Leer die 4 gebooie met handgebare.Praat oor wat elkeen beteken en sê dan dat die eerste vier gebooie opgesom kan word met: Wees lief vir God.

6. Deel die geloofswaarheid van vandag en sluit af met gebed.

Les 7

Lys van benodighede

1. Omgee gesprek kaartjies.
2. Gebedshand.
3. Groot storie van die Bybel kaartjie.
4. Bybelboek naam

Vandag se geloofswaarheid is: Wees lief vir ander mense.

Die wet

1. Kies 'n omgee gesprek kaartjie.

2. Laat elkeen 'n gebedstokkie kies uit hul kategese boks en bid vir dit wat daarop staan.

3. Haal die berg prentjie uit en sê dat ons vandag weer uit die tweede boek in die Bybel gaan lees nl Eksodus. Laat almal in hul Bybels daarnatoe blaai.

4. Ons ONTHOU-VERS vandag is Eks 20

5. Leer die volgende 6 gebooie met handgebare.Praat oor wat elkeen beteken en sê dan dat die eerste vier gebooie opgesom kan word met: Wees lief vir mense.

6. Deel die geloofswaarheid van vandag en sluit af met gebed.